


# GOUD-RIFFELS

*~~Nie~~ alles wat blink is goud ∧ riwwers ~~nie~~...*

**Kampnuusbrief - Maart 2010. (Atlanta)**

**Redakteur:** Dagsê Goudriwwers! Hierdie tyd van die jaar, wanneer die weer begin draai, voel mens omtrent net in die vroeë oggend ure die verskil wanneer jy opstaan. Die sonnetjie kom alreeds later op en die van ons wat al Presidente-saamtrekke bygewoon het, herken die atmosfeer wat nader sluip. Die Presidente, is die grootste SAWA-saamtrek van die jaar en die Paasfees atmosfeer begin in die lug hang. Dit is met groot dankbaarheid en 'n voorreg om as Christene Jesus se kruisiging en opstanding so saam met mede sawanante kan herdenk. Jesus is die Koning van ons lewens . . .

**Lief en leed:** Oupa Robbie sterk nou vinnig aan maar is nog nie gereed om te kamp nie. Hy sê hy sien uit na die Presidente-saamtrek. Kotie behoort ook teen die Presidente sò beter te wees dat hulle ook weer sal kan saam kamp. Dit gaan nie goed met oom Pat de Lange nie en ons vra dat julle hom en sy familie in julle gebede sal dra.

**Nuuswaardighede van vorige kamp:** Die saamtrek te Eastco het baie goed afgeloop en met die ondersteuning van die Jukskei satelliet-streek en streek Goustad, het ons 'n mooi bedraggie ingevorder met pannekoek en burgers. Eastco se nuwe bestuurderes, Louise, is 'n baie aangename dame wat uit haar pad gaan om mens tevrede te stel. Die nuwe saal langs die swembad, behoort nog van groot nut te wees in die toekoms.

**Saamtrek-details vir hierdie naweek:**
Hierdie is ons jaarlikse Goueweste gebiedsaamtrek.
Ons <u>kampkommandante</u>: Streek Roodekruin.
Ons <u>toktokkie</u> vir die naweek: Geen.
<u>Vrydagaand</u> ~ Boekevat by Wesrand so +/-18h30, daarna maak ons wawielburgers @ R15,00.
<u>Saterdagoggend</u> ~ Boekevat by Goudrif +/-9h00, daarna inbetaling by Christine: R280,00. Teen 12uur pannekoek bak, R2,50 elk. Sit bietjie handjie by asb! <u>Die aand</u>: Bring en braai met 'n dans by saal.
<u>Sondagoggend</u> ~ Sondagskool +/- 9h00 by oom Francois en tannie Ilse. Kerkdiens deur Goudstad om 10h00 en gebied afsluiting. Daarna vergader elke streek op sy eie. (Onthou 'n eet-dingetjie)

**Afkondigings:**
- Kleingeld vir die jeug se tietie-bottel. Hulle spaar vir vanjaar se kersboom!
- Goudrifhempies: Die hempies is beskikbaar by Bettie teen R150.00. [Die aankoop prys is R170,00 en die kas borg R20.00 elk.]
- Buffelsfees-reëlings: Tarief R350 vir die naweek. Ons benodig elke Goudriwwer se hulp by die Buffelsfees. Van die Maandag tot Donderdag vooraf, teen R120,00 per nag – Goudrif senior burger saamtrek. Elke Goudriwwer moet asb vir die Buffelsfees sy/haar nuwe Goudrif hempie gereed hê!
- Lentedans: DV, 11 September 2010, in die Joodse saal, Randfontein. Ons sien jou en baie vriende die aand! Ons wil dit graag vir almal 'n lekker onvergeetlike aand maak! Die kostes is nog nie beskikbaar nie.
- Volgende saamtrek: Presidente van 1-5 April 2010 Potch Dam. R490,00 naweektarief vir die 4 nagte. Ons benodig nou getalle. Betaling is vooraf, maar ons sal dit reël met dié wat gaan.
- Goudrif verkoop poedings by die Presidente! Maak asseblief jellies en kits poedings bymekaar of bring dit vir ons indien jy nie die Presidente gaan bywoon nie. Ons benodig ook 'n paar gebakte poedings. Sê asseblief vir Bettie as jy kans sien om een of meer te bak.

**Verjaarsdae:**
Geluk aan Joanita 18/3, Chris Hattingh 22/3, Christine 1/3,, Janco 11/3, Harry 28/3, Hans 24/3, Thea 31/3.

Goudrifgroete en geniet die saamtrek.

[e-mail gerus vir my nuusbrokkies by fouchee@lantic.net]